ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper AFRIKAANS ₹ 10/-

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

Vol. XIII **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, MAY 2019** **No. 2**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

SPREUKE 14:1-10

1. 'n Wyse vrou sorg vir haar huis; 'n vrou sonder wysheid breek alles af.
2. Wie opreg lewe, dien die Here; wie krom paaie loop, het nie eerbied vir die Here nie.
3. Die verwaande woorde van die dwaas bring vir hom straf; die woorde van wyse mense beskerm hulle.
4. As daar nie osse is nie, is die voerkrip leeg; met net een goeie os bring jy 'n groot oes in.
5. 'n Betroubare getuie lieg nie; 'n vals getuie vertel een leuen na die ander.
6. Al soek 'n ligsinnige mens wysheid, hy kry dit nie; 'n verstandige mens doen maklik kennis op.
7. Vermy 'n dwase mens; jy sal nie by hom leer om verstandig te praat nie.
8. Die wysheid van 'n verstandige mens wys vir hom 'n duidelike koers aan; die dwaasheid van 'n dwase mens maak alles vals.
9. Die skuldoffer wat deur dwase gebring word, maak hulle bespotlik; mense wat opreg lewe, geniet die guns van God.
10. Net 'n mens self ken die bitterheid van sy eie gemoed, en ook in sy vreugde kan niemand anders voluit deel nie.

DIE GROOT GEHEIMENIS!

"Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk" (Efesiërs 5:32).

(Boodskap gelewer deur Pastoor Sam Selva Raj in die Moederkerk)

God se Kerk is die basis vir die uitoefening van die hemelse gesag op die aarde. Die kerk is die gemeenskap van die heiliges. Volgens die eerste tien hoofstukke van die Handelinge van die apostels is dié mense wat saam met Jesus Christus geleef het en sy liefde gesmaak het, die naam van 'dissipels' gegee. Die vroeë dissipels is 'Christene' genoem (Handelinge 11:26). Die res van diemense het nie gewaag om by hulle aan te sluit nie (Handelinge 5:13).

Getroue Christene sal nie leuens vertel, ander bedrieg en troueloos optree nie. Hulle wandel in die vrees van die Here. As daar mense is wat jou verraai het, beteken dit dat hulle nie kinders van God was nie. Jy kan met 'n oop gemoed met die kinders van God praat. Dié wat die model van Jesus Christus volg, en dié wat in sy voetspore volg, is die kinders van God. Die mense wat Jesus Christus volg, vertoon sy beeld onder alle omstandighede. Hulle sal Jesus Christus nie verloën wanneer hulle deur omstandighede getref word of God se dienswerk misbruik vir hulle eie gewin nie.

Een van die grootste geheimenisse in hierdie wêreld is die verhouding tussen God se Kerk wat die gemeenskap is van die kinders van God, en God self. Die Here Jesus Christus deel hierdie geheimenis uit die hemel mee aan sy gelowiges deur die kerk. Die wat uit God gebore is, is die kinders van God. Mense mag afkomstig wees uit arm of ryk agtergronde, of mense wat deur die vallei van trane gaan. Dis ook moontlik dat hulle mense is wat alle hoop in die lewe verloor het, of deur ander verlaat is, of dié wat in geen opsig bruikbaar is

... verv. op bls. 3

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)

"As jy jou in jou optrede hou aan my voorskrifte en gebooie soos jou vader Dawid gedoen het, sal Ek jou ook nog 'n lang lewe gee" (1 Konings 3:14).



Liewe vriende,

Groete vir julle in die wonderlike Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons bid dat julle veilig en geseënd sal wees. Die Here Jesus Christus sal sy besondere opstandingskrag aan julle gee en julle ophef in die lewe.

Die Here God het al ons aktiwiteite hierdie jaar geseën. Julle is miskien bewus daarvan dat Vakansie-Bybelskole in die maand Mei vir kinders gehou word regdeur Indië deur alle kerke en organisasies. Ons bid vir seën op die kinders van God wat betrokke is in die uitreik na die jonger generasie.

Ons Programme in die hoofkantoor:

April 20 - Spesiale vastende gebed by die Moederkerk vir die sukses van al die Vakansie-Bybelskole vir kinders wat gehou word deur die kerke van al die denominasies en organisasies.

April 24 tot 27 - Santhoshapuram Kerk

April 29 tot Mei 4 - Velachery & Balaji Nagar Kerke

Mei 6 tot Mei 12 - Moederkerk

Ons versoek julle opregte gebede vir hierdie Kinderbediening.

Teen die tyd dat julle hierdie uitgawe ontvang, sal die algemene verkiesing in Indië verby wees en 'n nuwe regering gevorm wees. Ons wens die nuwe Regeringsamptenare geluk en bid vir God se seëninge op hulle.

Deesdae ontvang ons baie versoeke om te bid vir bevryding van verskillende siektes en gesinsprobleme. Ons bid vir bevryding vir die mense wat geraak word. Die Here Jesus Christus sal sy heilige engele stuur om julle te beskerm teen alle gevare en moeilikhede.

Ons bid vir seën en vrede vir die mense van alle lande van die wêreld. Ons het elke dag van 5.30 vm. tot 6.30 vm. 'n spesiale gebedsbyeenkoms in ons Moederkerk met die oog hierop.

Ons vra julle gebede en ondersteuning vir ons Goue Jubileum Evangeliese byeenkomste. Ons wil ons Christelike Hoërskool en Bybelkolleges heropen op 3 Junie vir die volgende akademiese jaar 2019-2020. Bid asseblief vir geskikte studente om by ons skool en kollege aan te sluit.

Ons het julle gebede en ondersteuning nodig soos die Here julle lei vir die uitbreiding van God se koninkryk. Ons gebede is met julle en die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees is met julle.

Ons hoop om van julle te hoor.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,

S. SAM SELVA RAJ.

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

verv. van bls.1

nie. Maar hulle wat in Jesus Christus glo, is gebore uit Jesus Christus (Johannes 1:13).

Al die waarhede wat ons nodig het vir 'n oorwinningslewe in hierdie wêreld is verborge in die geheime verhouding tussen die Kerk en Jesus Christus. Maar mense probeer ander maniere om vreugde en vrede te vind en vooruit te gaan in die lewe, terwyl hulle dit ignoreer. Hoewel daar baie geheimenisse in die Bybel is, vind daar veranderinge in ons lewens plaas en word ons opgetel wanneer ons gebruik maak van die groot geheimenis van die verhouding tussen Jesus Christus en die Kerk.

Die feite omtrent Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld en sy Kerk kan nie verander word deur tyd of kulture of omstandighede of nuwe tegnologieë nie. Party mense dink die Christendom is onnodig of wil nie die Christendom aanvaar nie vanweë verkeerde inligting of sonder dat hulle duidelike kennis het oor Jesus Christus. Maar hierdie opvatting is heeltemal verkeerd. Is daar enigiemand wat in die steek gelaat is omdat hulle Jesus Christus getrou gevolg het? Het iemand arm geword? Het enigeen vir ander mense op enige manier moeilikheid veroorsaak? Niemand kan ooit 'ja' sê op hierdie vrae nie. "Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie" (Psalm 37:25). Daar is nog nooit gesien dat iemand wat Jesus Christus volg, ronddwaal vir kos nie.

Die geboorte van Jesus Christus en die nuwe jaar word nie net deur die Christene gevier nie, maar deur die mense van alle lande en mense van alle gelowe. Op die eerste dag in Januarie word spesiale vierings en aanbiddingsdienste gehou in tempels en plekke van aanbidding van alle gelowe. Hoekom? Die waarheid is altyd die waarheid. 'n Mens kan nie die waarheid vir 'n lang tyd wegsteek of ontken nie. Dit was die geboorte van Jesus Christus wat die wêreldgeskiedenis verdeel het in v.C. en n.C. Omdat die wêreld op 'n dwaalspoor geraak het, het die Here wat hierdie aarde gemaak het, die vorm van die Man Jesus Christus aangeneem en sy groot liefde geopenbaar deur sy geboorte, dood en opstanding (Romeine 5:8). Terwyl alle grafte waar die liggame van mense wat gesterf het, begrawe is, toe bly, bly net die graf van Jesus Christus alleen oop. Hoekom? Hy is die Here en Verlosser wat die dood oorwin het en opgestaan het uit die dood! Enigeen mag die kerk van Jesus Christus haat en probeer om die kerk te vervolg. Maar die kerk van God is nie onder die beheer van mense nie. Dit funksioneer direk onder die beheer van God. Vanaf die begin van die wêreld het hierdie gemeenskap van God se kinders verskriklike lyding en teenstand ondervind. Maar niemand kan die uitbreiding van die Kerk van God beheer nie. In die geskiedenis lees ons van die lande en owerhede wat probeer het om die kerke van God te beheer en dat hulle onherkenbaar vernietig is. Dus moet ons die Evangelie met baie wysheid verkondig. Wanneer die mense wat nie die heerlikheid van God ken nie, die kennis van God kry, sal hulle vrede vind. Selfs vandag word baie mense toegevoeg tot die kerk in verskillende dele van die wêreld. Tallose kerke word ook elke dag geplant.

1. EK SAL MY KERK BOU

Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?" Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete."

Bid asb. vir

BYBELKOR INDIË

Indië is die tweede grootste demokratiese land in die wêreld met 'n bevolking van 1, 25 miljard mense. In hierdie totale bevolking is daar slegs 2% Christene en 98% van die mense het nog nooit die evangelie van Jesus Christus in hul lewens gehoor nie. 600 000 dorpies moet nog met die evangelie van Jesus Christus bereik word deur middel van literatuur, in besonder Bybel Korrespondensiekursusse in Engels, Hindi en Tamil. Ons versprei die Bybelkursus getiteld 'New Life - For You!' gratis. Die kandidate wat die kursus voltooi, ontvang 'n sertifikaat en hulle word voorgestel aan 'n plaaslike kerk. Indien daar nie 'n plaaslike kerk in hul area is nie, ontmoet ons sendelinge hulle en plant huiskerke in die area om om te sien na hul geestelike behoeftes. Bid asseblief vir die sukses van die bediening en die nodige fondse.

BIBLECOR INDIA
P.O. Box 2957, Chennai - 600 005, India
E-pos: biblecor@yahoo.co.in

"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matteus 16:17-18).

Hier het ons Here vir Simon gevra wat ander mense oor Hom gesê het. Jesus Christus het ook 'n idee gehad wat mense oor Hom sê. Hieruit moet ons verstaan dat elke geestelike leier behoort te weet wat ander mense oor hom sê. 'n Mens behoort nie te sê "Ek gee nie om wat ander oor my sê nie, ek werk volgens my gewete." Toe Jesus Christus vir Petrus gevra het wat ander oor Hom gesê het, het Simon geantwoord. "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Hier praat Petrus volgens die openbaring wat hy ontvang het. Jesus Christus sê dat vlees en bloed dit nie aan hom geopenbaar het nie, maar die Vader wat in die hemel is. Vandag beskou mense Christene as dwase, onkundige mense, mense sonder wysheid, wat die Christelike godsdiens versprei en ook as manne wat mense verander. As 'n persoon Jesus Christus as sy Verlosser aanneem, beteken dit dat vlees en bloed dit nie aan hom geopenbaar het nie, maar die hemelse Vader.

Almal van ons wat Jesus Christus as ons Verlosser aangeneem het, is die mense wat 'n openbaring van die Here ontvang het. Hulle wat in hulle lewens openbarings ontvang het, behoort aan die Here in die hemel sonder dat hulle verlede in ag geneem word.

Jy kan nie sê dat die Here nie met jou gepraat het nie of dat jy nie die stem van die Here gehoor het of dat jy geen verhouding met die Here het nie. Want die Here het vir Simon Petrus gesê "...want vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is". Dus het jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar. Jesus Christus is die ware God, God van die gode en die hoogste in hierdie wêreld. Dit is die goddelike openbaring. 'n Mens kan nie vir Jesus Christus aanvaar onder dwang of deur die pogings van ander sonder om die openbaring van die Here te ontvang nie. Dus, die mense wat die openbaring van die hemel ontvang het, moet 'n lewe lei wat afgeskei is van hierdie wêreld en 'n ander soort lewe is.

Mense probeer op verskillende maniere om vooruit te gaan in die lewe, maar die Bybel leer ons net die kinders van God of dié wat sy openbaring ontvang het, sal floreer in die lewe as die dinge gedoen word op diemanier wat Hy ons leer, wat nogal eienaardig is.

2. MY KERK

Enigeen kan enige werk in hierdie wêreld doen. Maar die werk om die kerk op te bou, berus in die hande van die Here. In Matteus 16:18 sê Jesus Christus, "Ek sal my kerk bou." Hy het nie gesê Petrus of

... verv. op bls. 6

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/- **Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-**

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET, CHEPAUK,
CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 90924 62566
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Mei 2019 tot 18 Junie

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Mei 19: God het ons Vakansie-Bybelskole vir kinders geseën.

Mei 20: God het ons gehelp met die publikasie van die Engelse boek met die titel "Embracing Adversity", geskryf deur ons Mederedakteur, Broer M. Paulraj.

Mei 21: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Mei 22: Laat ons God prys vir ons kerk in Mylai Balaji Nagar.

Mei 23: God het die bediening van ons 100 Gebedstryders vir Wêreldherlewing geseën.

Mei 24: God beskerm ons werkers in afgeleë gebiede.

Mei 25: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR se Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Mei 26: God seën ons vrouebediening in ons Moederkerk.

Mei 27: Ons Here het die nodige personeel verskaf vir ons Nehemia Bybelkolleges.

Mei 28: God seën al drie die dienste van ons Velachery Kerk in 2 tale elke Sondag.

Mei 29: God het ons in genade gehelp om onbereikte areas binne te gaan met die Evangelie.

Mei 30: God het vir ons toegewyde personeel gegee vir ons Evangeliese Drukpers.

Mei 31: Laat ons God loof vir die Hoof, onderwysers en personeellede van ons St. Paul's Matriculation School.

Junie 01: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

Junie 02: God het verbetering gegee in die gesondheid van Suster Jesy Veena Sam.

Junie 03: Laat ons God loof vir die studente van ons Nehemia Bybelkolleges vir die jaar 2018-2019.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

Junie 04: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die Echo of His Call Bedieninge.

Junie 05: Bid vir nuwe studente vir die St. Paul's Matriculation School vir die jaar 2019-2020.

Junie 06: Mag God meer toegewyde studente gee vir ons Nehemia Bybelkolleges vir die jaar 2019-2020.

Junie 07: Bid vir 'n vars salwing op ons medewerkers in ons kerke, publikasies, skool, Bybelkolleges, Drukpers en Administrasie.

Junie 08: Laat ons bid vir televisiepredikers oor die hele wêreld.

Junie 09: Bid dat ons skoolkinders gevul word met die liefde van God.

Junie 10: Bid vir die redding van gevangenes.

Junie 11: Bid dat terrorisme uit die wêreld verwyder sal word.

Junie 12: Bid tot ons Almagtige God om die weg te open vir die bou van nuwe kerke waar daar geen kerke is nie.

Junie 13: Bid dat God ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj sal lei vir sy sendingreise.

Junie 14: Laat ons bid vir al ons Mederedakteurs en hulle span.

Junie 15: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

Junie 16: Bid vir die Kerkplantingsbediening van Echo of His Call.

Junie 17: Bid vir die mense van Pakistan.

Junie 18: Laat ons bid vir ons ondersteuners.

verv. van bls.4

Paulus sal die kerk bou nie. Die poorte van die Hel sal dit nie oorweldig nie.

Die vergadering van die kinders van God is God se Kerk. Dit is nie net die blote gebou nie. As ek sê daar sal 'n diens wees in hierdie kerk, verwys dit nie na die gebou nie. Dit dui die plek aan waar die kinders van God vergader. God self sal die kerk van God bou. Almal van ons wat vergader is in 'n kerk is God se kerk.

Die Here sal julle opbou, die mense van God. God belowe dat die poorte van die Hel julle nie sal oorweldig nie. Wanneer ons dit aanvaar, moet ons voorrang gee aan die kerk in ons lewe. Die Here sê Hy sal ons opbou en ons voorspoedig maak. Die poorte van die Hel kan ons nie oorweldig nie. Die Here hou hierdie waarborg in sy hande. Die Here sal na julle moeilikhede en swaarkry kyk en julle opbou, julle wat sy kerk is. Siektes, moeilikhede, skulde, armoede, sorge wat deur die duiwel veroorsaak is, sal julle nie oorweldig nie, want julle is sy kerk. Vlees en bloed het dit nie aan julle geopenbaar nie, maar die Vader wat in die hemel is. Almal wat in die kerke van God versamel is, sal nooit verlaat word nie. God vergelyk hulle met mense wat hulle huise op rots gebou het. 'n Man bou sy huis op sand. Daar kom 'n storm. Hewige reën stort neer. Die water stroom verby, die huis sal vernietig word. Maar 'n ander man bou sy huis op rots. Daar waai die wind ook. Daar is stortreën en die water stroom verby. Die huis staan vas. Wat ook al met hom gebeur, moeilikhede of terugslae, hy sal stewig staan. Hy sal julle opbou omdat julle sy kerk is. Die poorte van die Hel sal julle nie oorweldig nie. Die Here sê Hy sal julle vergelyk met die man wat sy huis op die rots gebou het.

Ons is slegs oorwinnend as ons in die Kerk van God is. Dit is die rede waarom die Bybel sê ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly nie (Hebreërs 10:25). Vir baie mense is dit 'n moeilike saak om na die kerk van God te kom – die kerk is ver weg, hulle is moeg, het nie vervoer nie, ensovoorts. So verloor hierdie mense die voorreg om na God se kerk te gaan, te aanbid en seëninge van God te ontvang. Hierdie geheimenis is groot, die geheimenis van die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk van God. As julle in 'n kerk is, sal niks in die wêreld julle oorweldig nie. Julle sal oorwinnaars wees.

Die mense wat lede is van God se kerk – daardie heiliges wat deelneem aan sy kerk – hulle wat Jesus Christus aangeneem het as hulle Verlosser, is mense van 'n hoër klas. Daar is geen krag op aarde wat hulle kan vernietig nie. Al die terugslae in jou lewe sal vir jou oorwinnings word. God se Kerk is die basis vir die uitoefening van die hemelse gesag op die aarde. Net deur hierdie kerke seën God die lande.

As ons die mense van hierdie feit vertel, vind hulle dit moeilik om te verstaan. Die mense wat die Christendom volg, is die minder bevoorregtes en die mense wat moeilikheid het. Julle mag dalk vra, "Is dit die mense wat deur God gekies is?" Die antwoord is "Ja", want dit is die waarheid. Die wat die Here Jesus Christus aangeneem het, behoort nie aan hierdie wêreld nie. Die hemel beskerm hulle.

3. DIE WAT IN DIE KERK GEPLANT IS, SAL FLOREER

Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God (Psalm 92:13).

Ons kan 'n kunsplant verwyder en dit weer plant. 'n Mens hoef dit nie water te gee nie. Dié wat in die huis van die Here geplant is, is nie tydelik geplant soos die kunsplant nie. 'n Natuurlike plant word in die grond geplant en natgelei. Hulle wat soos 'n plant is wat vrugte dra, sal floreer in God se

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

kerk. Net die lewens van mense wat soos hierdie plant is, sal regtig voorspoedig wees.

Geplant in die kerk van God, natgelei en voeding gegee, sal hulle gewortel wees in die kerk van God, hulle sal floreer en vrugte dra in die kerk.

Almal wat die kerk dien met ware toewyding, en vrugte dra deur die predikant te help, sal voorspoedig wees.Vandag het die meeste mense nie so 'n begeerte nie. Sommige mense word gedoop in die kerk en kom dan tot die gevolgtrekking dat hulle gered is. Hulle verlaat die kerk en vestig hulle eie organisasie en beoefen allerhande aktiwiteite wat nie vir die Here aanvaarbaar is nie en beland in allerhande moeilikhede. Uiteindelik bereik hulle die stadium waar hulle van alles wil wegkom. Jy sal vooruitgaan as jy getrou die visie, die werk en verantwoordelikhede wat God aan jou toevertrou, uitvoer. Party mense vra dalk, "As ek kerk toe gaan, sal alles dan reg wees?" Ja, alles sal reg wees. As dit vir gewone mense gesê word, kan hulle dit nie verstaan nie. Toe ek 'n jong seun was, het ek my ou pastoor se sandale skoongemaak en hom gehelp. Dit was my dienswerk. Vanweë hierdie klein diens, het die Here my gebring tot in hierdie heerlike Bedieninge. Is jy in die kerk geplant of is jy net daar neergesit? Deesdae is baie mense nie gelowiges wat stewig geplant is nie, maar net besoekers. 'n Plant wat stewig staan in die grond, gee vrugte. Die lewens van baie mense is sonder vrugte. Ons sê ons is gelowiges en ons is nie oorwinnaars nie. Hoe meer jy betrokke is in die kerk van God, hoe sterker jy geplant is en hoe meer vrugte jy dra in die kerk van God, hoe meer sal God jou voorspoedig maak.

Die baie bekende oorlede Pastoor G. Sundaram het altyd vir die mense wat onafhanklike bedieninge bedrywe, gesê, "Julle kan bedieningswerk doen waar en wat julle wil, maar julle moet altyd 'n tou aan julle klere vasbind en die ander punt aan 'n kerk. Jy moet prioriteit gee aan jou kerk. Jy sal slegs krag kry van daardie kerk. Anders sal julle weeskinders wees in julle geestelike lewe." Met hierdie woorde het hy hulle uitgedaag. Watter groot waarheid is dit nie!

Die skrywer van hierdie boodskap aan julle werk ook onder 'n leier en ek is geseënd. God het my ook in genade geseën met verskeie assistentpastore. Ek is gehoorsaam aan my seniors. Ek is gelukkig. Wat is jou situasie?

4. DIE HERE SE DAG VAN VREUGDE

"As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf niesal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. (AOV:Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde) Ek, die Here, het dit gesê" (Jesaja 58:13,14).

Almal van ons wil hoër plekke hê. Ons wil 'n verbetering hê in ons posisie. Hoe kan ons dit verkry? Op die Here se dag, dit wil sê op Sondae, moet ons wegdraai van die geselskap van die goddelose en dinge doen wat vir die Here aanneemlik is. Moenie dinge doen wat vir jouself aangenaam is en jou eie praatjies praat nie, aangesien dié dag die Here se dag van vreugde is. Hierdie dag is 'n goeie dag, die dag van vreugde, die dag van feesviering, die dag van die Here. Dink aan die dag as iets wat eerbiedig moet word. Op hierdie dag moet jy nie sommer enige TV-programme kyk nie, maar voorrang gee aan die kerkdienste en daaraan dink dat dit jou plig is om die kerkdienste by te woon. Dan sal jy jou verlustig in die Here. Dit beteken nie dat jy kan leef soos jy wil op ander dae nie.

As jy op Sondag na die oggenddiens jou tyd beplan vir jou eie wêreldse sake en vir werk, kan jy nie werklike vreugde in jou lewe geniet nie. Dan sal daar geen opgang in ons lewens wees nie. Jy moet hierdie dag aan die Here wy. As jy jouself aan die wêreld gee om jou vriende te sien of aan jou eie sake aandag te gee op hierdie dag dan sal jy nie vooruitgaan in die lewe nie.

As jy die Here se dag beskou as 'n dag van vreugde en dit afsonder vir die Here, sal jy gelukkig wees. Die Here sal jou op die hoë plekke laat sit op die aarde. As jy in jou lewe 'n ekonomiese of gesondheidsprobleem ondervind of 'n depressie in jou geestelike lewe of as jy voel jy kort iets wat ander het, en jy vra die Here "Hoekom, Here?" Dan is die antwoord: die Heilige Gees praat baie duidelik met jou deur hierdie boodskap. As jy sy dag beskou as die dag van vreugde, dan sal jy gelukkig wees en die Here sal jou op die hoogste plekke hou.

5. GELDELIKE SEËNINGE

"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar

iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie" (Maleagi 3:10).

"As ek 'n deel van my inkomste gee, sal daar goeie tye vir my voorlê?" Party mense vra hierdie vraag. Een tiende van jou totale inkomste behoort aan God. Jy moenie een tiende van die geld wat jy geleen het, aan God gee nie. Een tiende van die geld wat jy verdien, behoort aan God. Waar moet jy hierdie een tiende van jou geld gee wat aan God behoort? Bring jou geld na die stoorkamer van jou kerk. Jou tiendes moenie gaan vir Evangelisasiewerk of vir die tydskrifbediening of vir sendingwerk nie. Dit moet nie gegee word vir die werk wat sommige evangeliste doen wat êrens kampeer en seminare hou nie, ensovoorts. Dit behoort aan jou kerk waar jy 'n lidmaat is. Die kerk kan dit gebruik vir sy bedieningswerk en dit mag uitgegee word vir die armes en behoeftiges in ander gebiede van God se dienswerk. Dit is uiters belangrik dat jy 'n kerk vind waar God se geld slegs vir God gebruik word en dat jy 'n lidmaat is van daardie kerk. Die Bybel vra jou om een tiende van jou inkomste na die stoorkamer van jou kerk te bring. Die gelowiges het geen gesag om hierdie geld te spandeer nie. Daar is geen magtiging vir 'n gelowige om oor die tiendes te beslis en dit hier en daar aan mense te gee nie.

Bring jou geld na die stoorkamer van jou kerk. Die Here sê ons moet Hom toets 'of Hy die vensters van die hemel sal oopmaak en vir julle seën sal uitgiet'. Ons behoort nie eers 'n enkele woord te verander van wat God sê nie. Ek is 'n mens wat geseën is deurdat ek 'n tiende van my inkomste gegee het. Partykeer, wanneer ons 'n klein inkomste het, sal ons die tiende gee. Maar as die inkomste vermeerder, sal dit moeilik wees om die tiende te gee. As jou inkomste 100 roepees is, kan jy tien roepees gee as 'n tiende, wanneer dit 1000 is, is dit moontlik om honderd roepees te gee.Maar as jou inkomste 10,000 roepees is, is dit nie so maklik om 1000 roepees as tiende te gee nie. As die Here aanhou om ons meer en meer te seën, en as ons getrou is om die tiende op te offer, sal die Here ons oorvloediglik seën. As jy jou tiende aan jou kerk gee, sal die Here vir jou die vensters van die hemel oopmaak en sy seëninge uitstort. Dit is 'n groot geheimenis. Baie mense is onbewus hiervan. Doen dit en kyk wat gebeur. Die oorwinning sal joune wees!

****

Bid asseblief vir

NEHEMIA BYBELKOLLEGES

ECHO OF HIS CALL MINISTRIES (sedert.: 1969)

Geaffilieer by Hindustan Bible Institute and Kollege (HBI), Chennai

Residensiële Kollege: Velachery
Medium: Engels en Tamil
Kursus: Diploma in Teologie
Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
Tydsduur: een jaar met opleiding in veld en in administrasie

Gulde Geleentheid!

GOD ROEP JOU!!

Aandkollege: Chepauk, Santhoshapuram
Medium: Tamil
kursus: Diploma in Teologie
Dae: Maandae, Dinsdae & Donderdae
Tyd: 6.30 n.m. tot 8.30 n.m.
(Spesiale Seminare sal gehou word)
Kwalifikasie: 10de Standerd en hoër
Tydsduur: Een jaar

Pastor S. Sam Selva Raj
Nehemiah Bible Colleges, Echo of His Call
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005, India
Phone: (+91 - 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.

"Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring" (Psalm 126:5).

"Op die dag van my nood roep ek na U, U sal my gebed verhoor" Psalm 86:7

In 1985 het ek 'n klein plekkie gehuur in C.N.K.-weg in Chepauk, Tsjennai en 'n Gebeds- en Beradingsentrum begin, aangesien ek in my gees aangevoel het dat 'n groot aantal mense behoefte gehad het aan geestelike berading. Dit was 'n nie-Christelike area, waar Christene oor die algemeen nie eers 'n huis te huur kon kry nie. God het my in staat gestel om 'n uithangbord buite die gebou op te sit: ECHO OF HIS CALL PRAYER AND COUNSELLING CENTRE. Elke dag het 'n paar mense my besoek en hulle behoeftes en probleme met my gedeel. Ek het gewoonlik saam met hulle gebid en God het begin om wonders te doen deur hierdie poging. Naderhand het mense wat geteister is deur die aanvalle van bose geeste ook begin om my te besoek en daar het goddelike bevryding plaasgevind deur die krag van die Here Jesus Christus toe daar vir hulle gebid is.

Na 'n tydperk van 'n jaar het die mense wat nie gediend was met hierdie nuwe onderneming vir God nie, begin om moeilikheid te maak vir my en die Here se werk. Selfs my eie mense het hulle stemme begin dik maak teen die Here se werk en was aggressief teenoor my. Ek het met groot moeite die huur betaal aangesien die bedrag te veel was vir my in verhouding met my inkomste. Ek het ook twee maande se huur reeds vooruit betaal aan die huisbaas.

Eenkeer kon ek vir twee maande nie die huur betyds betaal nie vanweë my armoede. Hierdie bedrag is ook afgetrek van die vooruitbetaling wat ek reeds gemaak het. Dus het die huisbaas my gevra om die plek onmiddellik te ontruim. Aangesien die werk van die Here besig was om vooruit te gaan op daardie plek en mense besig was om bevryding te ervaar, het ek die huisbaas gevra om my 'n paar dae tyd te gee om die huur te betaal. Maar hy het nie my versoek toegestaan nie. Ek het dus besluit om die plek te ontruim.

In die tussentyd het die huisbaas vyf plaaslike wettelose mense gekry om al my besittings met geweld te verwyder en dit op die sypaadjie langs die pad te hou. Baie mense het daar saamgedrom vir die pret en nie een van hulle was bereid om hulle monde oop te maak ten gunste van my nie, maar het die situasie geniet wat vir my skandelik was.

Maar God die Vader het met my gepraat met 'n sagte stem in my gewonde en vermoeide hart, "My seun Sam, dis 'n rowwe tyd vir jou. Staan dan nou alleen; ... Staan alleen vir die werk waarvoor Ek jou geroep het, al moet jy alleen staan. Ek hou al die gebeure hier dop. Daar sal 'n dag kom. Op daardie dag sal jy weet WIE EK IS! Die mense wat jy ken en wat jou gebroke hart hier geniet, sal ook op die punt kom waarop hulle sal weet WIE JY IS!! Ek weet jy is vandag op die laagste stand, maar ek het hier vir jou 'n paleis gereed gemaak.Wanneer Ek jou oë open, sal jy dit sien".

Ek het 'n klein karretjie gehuur en die goed daarop gelaai om dit te vervoer. Op daardie tydstip het ek met verlof van die huisbaas die gebou binnegegaan, die deur toegemaak en neergekniel en vir 'n paar minute tot God gebid. Die mense wat die situasie dopgehou het, het deur die venster

NUUS:

Kwotas gereserveer vir Christene

Hyderabad: Die provinsiale regering van Andhra Pradesj het 'n besluit goedgekeur vir die vermeerdering van die getal gereserveerde setels vir Christen-dalits (mense van die laagste kaste) in skole en openbare dienste.Dit is 'n buitengewone uitsondering in die Indiese scenario waar slegs Hindoe-, Boeddhistiese en Sikh-lede van die minderbevoorregte kastes deur die konstitusie beskerm word.Die Indiese Kerk het nog altyd geprotesteer teen hierdie "skandelike" vorm van diskriminasie teen bekeerlinge tot die Christendom en het herhaaldelik geveg vir die uitbreiding van die reg om te studeer en te werk vir selfs die laagste klasse in die samelewing.

- Forerunner (Maart 2019).

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

gekyk en wou weet of ek besig was om te probeer om myself te beseer.

Maar ek het tot die Here gebid met groot beklemming, "My God, kyk asseblief na my situasie. Aangesien ek nie geld het om die huur vir die gebou te betaal nie, moet ek dit ontruim en ophou met die suksesvolle bediening op hierdie plek. Ek roep nou na U, Vader, in die naam van my Verlosser Jesus Christus dat U vir my 'n gebou van my eie sal gee in dieselfde area, sodat die mense wat staan en kyk en my spot, kan sien dat U die lewende God is en dat u dienaar die dienswerk kan voortsit."

Toe het ek die sleutel aan die huisbaas oorhandig en later die uitstaande bedrag aan hom betaal. Maar ek was besig om vuriglik te bid tot die Here om my gebede te beantwoord. Maar God was so stil en het my nog meer swaarkry in my gesondheid en gesin laat beleef.

Na drie jaar het God op 'n verbasende manier begin werk tot my voordeel en my gehelp om 'n gebou te bekom wat omtrent 80 keer groter en 5 keer hoër was as die vorige een, in die volgende straat in dieselfde area. Mense, insluitende my vorige huisbaas, het God begin prys en gesê die Here wat ek dien, is waar en lewend. Op dié manier het God 'n wonderwerk gedoen in sy dienswerk deur my gebede te beantwoord.

Liewe leser, dieselfde God leef nog steeds. Hy kan selfs vandag nog 'n wonderwerk doen in jou guns. Glo Hom vir 'n wonderwerk.

"Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie" (Psalm 34:10).

****

BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th MAY 2019
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**